

Deurbraak by sojabone verwag

'N NUWE sojaboonkultivar met beter weerstand teen die swam *Sclerotinia* kan eersdaags deur Brasiliaanse wetenskaplikes bekend gestel word.

Mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingsstigting (PNS), het gesê die siekte is die belangrikste faktor wat die produksie van sojabone en sonneblomme wêreldwyd raak.

Tydens 'n besoek aan Brasilië was daar egter goeie nuus van wetenskaplikes wat sê hulle staan op die punt van 'n deurbraak met 'n meer weerstandige sojaboonkultivar.

Amerikaanse wetenskaplikes werk ook hard om 'n deurbraak te bewerkstellig waarvoor hul regering sowat R48 miljoen bevestig het.

Dr. Jos de Kock van die PNS het gesê 'n opname word sedert 2005 elke jaar onder boere ge-

doen om die omvang van die siekte te bepaal. By sojabone was die voorkoms verlede jaar sowat 10,5% en by sonneblomme 0,5%. Vanjaar was dit onderskeidelik 8,6% en 0,15%. Dit kom dus baie meer by sojabone as by sonneblomme voor, maar daar is 'n moontlikheid dat sommige sojaboonboere skade deur 'n ander plaag met *Sclerotinia* kan verwar, terwyl skade van dié siekte by sonneblomme baie meer opvallend is. Dit is ook nie bekend hoeveel boere opgehou het om sonneblomme te verbou het weens *Sclerotinia* nie.

Hy het gesê ongelukkig reageer min boere op die vraelyste wat deur die Oesskattingskomitee uitgestuur word. Met die laaste opname het slegs 25% van die boere gereageer.

Scholtemeijer het gesê die Oliesade-advieskomitee wil nuwe lewe in sonneblomproduksie

blaas. Daarom het hulle 'n studie oor die gewas se waardeketting laat doen. Dit is afgehandel en die verslag sal eersdaags bekend gemaak word.

Suid-Afrika het nog nie die voordeel van die nuutste tegnologie nie. Gelukkig het die land se bedryf hom as betroubaar bewys en selfs internasionale maatskappye help met die oprigting van nuwe parsaanlegte. Hopelik sal dit help om nuwe tegnologie te laat invloei en die sonneblombedryf nuwe lewe te gee.

Mnr. Willem Engelbrecht van die saadmaatskappy K2Agri het gesê ander lande beskik reeds oor die mees gevorderde tegnologie, soos sojabone wat oor gene beskik wat dit vir boere moontlik maak om sekere onkruidodders daarmee saam te gebruik en wat veral die bekamping van weerstandbiedende onkruid sal vergemaklik.